# GriΣksΣ Mitologie

## Arachne, Die Wewer

THINK DIGITAL ACADEMY



Daar was 'n jong meisie in Griekeland wie se naam Arachne was. Haar gesig was bleek maar lig en haar hare was lank en donker. Al wat wou doen was om van die oggend tot die middag in die son te sit en tol...



... en al wat sy van die middag tot die nag wou doen, was om in die skadu te sit en weef.



En o, hoe puik en mooi was die goed wat sy op haar weeftoestel geweef het! Vlas, wol en sy — sy het met alles gewerk; en wanneer dit uit haar hande gekom het, was die lap wat sy gemaak het so dun en sag en helder dat mense van alle dele van die wêreld gekom het om dit te sien.



En hulle het gesê dat lap wat so skaar is nie van vlas of wol of sy gemaak kon word nie, maar dit was ‘n skering van son strale en die inslag van goue drade.



Soos die meisie dag vir dag in die son gesit en spin het, of in die skadu gesit en geweef het, het sy gesê:

***" In die hele wêreld is daar geen gare so fyn soos myne nie, en in die hele wêreld is daar geen lap so sag en glad nie, ook nie sy so helder en skaars nie."***



Een middag toe sy in die skadu sit en weef het en met verby gangers gesels het, het iemand vir haar gevra: "Wie het jou so goed geleer spin en weef?"

" Niemand het my geleer nie," het Arachne geantwoord. "Ek het geleer hoe om dit te doen terwyl ek in die son en die skadu gesit het; maar niemand het my gewys nie."



" Maar dit mag wees dat Athena, Godin van Wysheid, jou geleer het, en jy het dit nie geweet nie."

"Athena? Bah!" sê Arachne. "Hoe kon sy my leer? Kan sy sulke tolle garing spin? Kan sy goed soos myne weef? Ek wil graag sien hoe sy probeer. Ek kan haar waarskynlik 'n ding of twee leer."



Het opgekyk en 'n lang vrou, toe gedraai in 'n lang mantel, in die deur gesien. Haar gesig was mooi, maar streng, o, so streng! En haar grys oë was so skerp en helder dat Arachne haar nie in die oë kon kyk nie.



" Arachne,” het die vrou gesê, “ek is Athena, die godin van kunswerk en wysheid, en ek het jou groot pratery gehoor. Is jy seker jy bedoel nog om steeds te sê dat jy so goed kan spin en weef soos ek?"

Arachne se wange het bleek geword, maar sy het gesê:
"Ja, ek kan net so goed weef soos jy."



"Laat ek jou dan sê wat ons sal doen," het Athena gesê. "Drie dae van nou af sal ons albei weef; jy op jou weeftoestel en ek op myne. Ons sal almal vra wat wil kom om ons te sien; en groot Zeus, wat in die wolke sit, sal die regter wees. En as jou werk die beste is, dan sal ek nie meer weef solank as wat die wêreld voortduur nie; maar as my werk die beste is, dan mag jy nooit weeftoestel of ‘n spil gebruik nie.



Stem jy hiermee saam?"

" Ek stem saam," het Arachne gesê.

"Baie goed," het Athena geantwoord. En sy was weg.



Toe die tyd vir die weef wedstryd aangebreek het, was honderde daar om dit te sien...



... en groot Zeus het tussen die wolke gesit en toegekyk.



Arachne het haar tolle van die fynste sy geneem en begin weef. Sy het 'n web van wonderlike skoonheid geweef, so dun en lig dat dit in die lug sou sweef, en tog so sterk dat dit 'n leeu in al sy geweefde drade kon vashou; die drade van skering en inslag was van baie kleure, so pragtig gerangskik en met mekaar gemeng dat almal wat dit gesien het met vreugde vervul was.



"Geen wonder die meisie het met haar vaardigheid gespog nie," het die mense gesê, en Zeus het self geknik.



Toe het Athena begin weef. Sy het die sonstrale geneem wat die bergtop vergul het, en van die sneeuerige vlies van die somer wolke, en van die blou eter van die somer hemel, en die helder groen van die somer velde, en van die koninklike pers van die herfs woud, — en wat dink jy het sy geweef?



Die web wat sy geweef het was vol bekoorlike prente van blomme en tuine, en van kastele en torings, en van berg hoogtes, en van mense en diere, en van reuse en dwergies, en van die magtige wesens wat saam met Zeus in die wolke woon.

En dié wat daarna gekyk het, was so vervul met verwondering en vreugde, dat hulle alles vergeet het van die pragtige web wat Arachne geweef het. En Arachne self was skaam en bevrees toe sy dit sien; en sy het haar gesig in haar hande weg gesteek en gehuil.



" O, hoe kan ek aanhou lewe," roep sy, "nou dat ek nooit weer 'n weeftoestel of spil mag gebruik nie?"

Sy het aanhou huil en gesê: "Hoe kan ek annhou lewe?"



Toe Athena dan sien dat die arme meisie nooit vreugde sou hê as sy nie toegelaat word om te spin en te weef nie, het sy haar oor haar ontferm en gesê...



"Ek sou jou bevry van jou ooreenkoms as ek kon, maar dit is iets wat niemand kan doen nie. Jy moet by jou ooreenkomste hou om nooit weer aan die weeftoestel of spil te raak nie. Tog, aangesien jy nooit gelukkig sal wees as jy nie kan spin en weef nie, sal ek vir jou 'n nuwe metode gee sodat jy jou werk kan voortsit sonder spil of weef.



Toe raak sy Arachne aan met die punt van die spies wat sy soms gedra het; en die meisie is dadelik in 'n ratse spinnekop verander...



... wat in 'n skaduryke plek in die gras in gehardloop het, vrolik begin spin het en 'n pragtige web begin weef het.



Daar word gesê dat al die spinnekoppe wat sedertdien in die wêreld gekom het die kinders van Arachne is. Miskien leef Arachne nog en spin en weef; en die heel volgende spinnekop wat jy sien is dalk net, sy haar self.



THINK

DIGITAL ACADEMY

